OFFICE OF THE COMMISSIONER OF PRISONS
1982 0 -06-
PRETORIA
KANTOOR, KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

12

MVVMVVV7SNKO

3-2799 SA

KNVHVVV SA

IS DIT ROBBENEILAND ASB EK IS NIE SEKER NIE WANT JULLE NOMMER
SLAAN NIE LEG UIT NIE
=+(,=%==V SA

57-27117 SA

3-2799 SA
P9732
1343
82/09/06

BEVELVOERENDE OFFISIER ROBBENEILAND
VIR AANDAG P/O

BESOEKE AAN GEVANGENE NO 1343 AHMED KATHRADA

U TELEKS CPL 1115 GED 82/09/03 VERWYS

GRAAG WORD VERNEEM OF ZOHRA BIBI KATHRADA WAARNA IN U
TELEKS VERWYS WORD DIESELFDE PERSOON IS AS ZOHRA KATHRADA,
I.D. NO 480524 0034 05 6 VROU VAN ENVER KATHRADA. HIERDIE
INLIGTING WORD DRINGEND VERLANG ASB.

AK VEILIGHEIDSBEHEER
LINDE

NVMVVQP SA

KYK NET Y DIE OPSKRIF DIE GEV SE NAAM IS KATHRADA ASB MAAK
NET REG DANKIE
GOED

TELEKS

P 9782 DATUM 82-09-06

MY VERWYSING . 1848 U VERWYSINGS NO 1848

BEVELVOERENDE OFFISIER Robbeneiland

VIR AANDAG B.O.

INLEIDENDE REëL BESOEKE AAN GEVANGENE NO 1848 AHMED KATHRADA

BOODSKAP

U TELEKS CRE 1115 GEDATEER 82-09-03 VERWYS GRAAG WORD VERNEEM OF ZOHRA BIBI KATHRADA WAARNA IN U TELEKS VERWYS WORD DIESELFDE PERSOON IS AS ZOHRA KATHRADA, I.D. NO. 480524 0034 05 6, VROU VAN ENVER KATHRADA. HIERDIE INLIGTING WORD DRINGEND VERLANG ASSEBLIEF.

AK VEILIGHEIDSDIENSTE

AFSENDER

| | | | |
|---|---|---|---|
| Uebenberg | Luit | 82-09-06 | 810 |
| OPGESTEL DEUR | RANG | DATUM | KAMER NO |
| Uebenberg | Luit | 82-09-06 | 810 |
| GOEDGEKEUR DEUR S O | RANG | DATUM | KAMER NO |

VIR VOORTSETTING VAN LANGER BOODSKAPPE GEBRUIK LOS BLAD

11

Veiligheid

0
3-8596 SA

57-27117 SA
CKL 1115
1546
82.07.05

DIE KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

VIR AANDAG: A K VEILIGHEIDSDIENSTE

BESOEKE AAN GEVANGENE NO 1546 AHMED KATHRADA

1. GEDURENDE DIE TYDPERK 80.06.01 TOT 82.06.01 (2 JAAR) HET DIE GEVANGENE DIE VOLGENDE BESOEKE ONTVANG:

| DATUM | BESOEKERS | VERWANTSKAP |
|---|---|---|
| 81.02.14 | YASMIN KATHRADA | NIGGIE |
| | ZOHRA BIBI KATHRADA | NIGGIE |
| 81.02.15 | YASMIN KATHRADA | NIGGIE |
| | ZOHRA BIBI KATHRADA | NIGGIE |
| 81.12.26 | SHAMIMA KOLA | NIGGIE |
| | JAYENDRA POONAN | BG SE EGGENOOT |
| 82.02.13 | YUNUS KATHRADA | NEEF |
| | FEROZA EBRAHIM | BG SE EGGENOOT |
| 82.02.14 | YUNUS KATHRADA | NEEF |
| & | FEROZA EBRAHIM | BG SE EGGENOOT |
| 82:05.29 | ISMAIL KATHRADA (KONTAKBESOEK) | BROER |
| 82.05.29 | ZOHRA BIBI KATHRADA | NIGGIE |
| R2.05.30 | ZOHRA BIBI KATHRADA | NIGGIE |
| | CASSIEM KATHRADA | NEEF |

B O ROBBENEILAND
EINDE
0
7-12... SA

10

82-09-03.

3-2399 SA
P2753
1842
82/09/13

BEVELVOERENDE OFFISIER ROBBENEILAND
VIR AANDAG B/O

BESOEKE AAN SEKERHEIDSGEV ANGLD FATHUADA REEKSNO 1[illegible]

HIERDIE KANTOOR MOET BEWYS LEWER DAT NG GEV GEMELDE
BESOEK VAN SY FAMILIE / NAASBESTAANDES ONTVANG.

GELIEWE AAN TE TOON WIE HOM OOR DIE AFGELOPE TYDPERK
VAN ONGEVEER TWEE JAAR BESOEK HET.

DIE INLIGTING WORD DRINGEND VERLANG TEN EINDE MINISTERIELE
NAVRAAG TE KAN BEANTWOORD.

A F VEILIGHEIDSDIENSTE
EINDE
ZMVMVVV BNRO

3-2399 SA

## TELEKS

P ..... 9753 .....  DATUM .. 82-09-03 ..........

MY VERWYSING . 1848 .  U VERWYSINGS NO ..............

BEVELVOERENDE OFFISIER ... ROBBENEILAND ..............

VIR AANDAG .... BEVELVOERENDE OFFISIER ..............

INLEIDENDE REëL ... BESOEKE AAN SEKERHEIDSGEVANGENE ....
... AHMED KATHRADA ... REEKSNO 1848 ........

BOODSKAP

HIERDIE KANTOOR MOET BEWYS LEWER DAT BOGENOEMDE GEVANGENE GEREELDE BESOEK VAN SY FAMILIE/NAASBESTAANDES ONTVANG.

GELIEWE AAN TE TOON WIE HOM OOR DIE AFGELOPE TYDPERK VAN ONGEVEER TWEE JAAR BESOEK HET.

DIE INLIGTING WORD DRINGEND VERLANG TEN EINDE MINISTERIËLE NAVRAAG TE KAN BEANTWOORD.

A.K. VEILIGHEIDSDIENSTE
AFSENDER

| | | | |
|---|---|---|---|
| [signature] Uitenberg | LUIT. | 82-09-03 | 810 |
| OPGESTEL DEUR | RANG | DATUM | KAMER NO |
| [signature] Uitenberg | LUIT. | 82-09-03 | 810 |
| GOEDGEKEUR DEUR S O | RANG | DATUM | KAMER NO |

VIR VOORTSETTING VAN LANGER BOODSKAPPE GEBRUIK LOS BLAD

OFFICE OF THE COMMISSIONER OF PRISONS
1982-01-07
PRETORIA
KANTOOR, KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

GEHEIM

SAP 148

SUID-AFRIKAANSE POLISIE SOUTH AFRICAN POLICE

P/sak–P/Bag X302 Tel. adr.-add. "KOMPOL"

Verw./Ref.: S.2/6043
Navrae/Enq.: Lt-kol J J Diedericks (A1)
TEL.: 214511 x 310

VEILIGHEIDSTAK
SECURITY BRANCH
HOOFKANTOOR
HEAD OFFICE
PRETORIA
0001

82-01-07

Die Kommissaris van Gevangenisse
Privaatsak X136
0001 PRETORIA

AANSOEK OM TE BESOEK : MEVROU ZOHRA ENVER KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED M KATHRADA, ROBBENEILAND
U 1848 gedateer 1981-12-11

1. Die besoeke deur bogenoemde aan A M KATHRADA is in die verlede teengestaan weens die volgende redes:

   - dat sy nie 'n familielid/bloedverwant van A M KATHRADA in die eerste graad is nie. (Die beleid van eerste graad familie besoekers word egter sedertdien nie meer toegepas nie) en

   - dat sy as skakel tussen A M KATHRADA en die buitewêreld, sowel as politieke uitgewekenes, dien.

2. Delikate inligting dui daarop dat Mevrou KATHRADA steeds as skakel tussen A M KATHRADA en uitgeweke kommuniste en linksgesinde persone optree deur briewe en boodskappe vanaf hierdie uitgewekenes na laasgenoemde te kanaliseer. Zohra beskou haarself ook as die persoonlike sekretaresse van A M KATHRADA.

3. Die aansoek word nie aanbeveel nie.

BRIGADIER
n/KOMMISSARIS : SUID-AFRIKAANSE POLISIE
R.J.GOOSEN

GEHEIM

DB 28/12/81 81/142289 (Z. 15.)

ENVER KATHRADA - 441225 5060 058 I/D Doc

ZOHRA KATHRADA - 480524 0034 05 6 I/D Doc

HOLIDAY INN
EASTERN BOULEVARD
WOODSTOCK
CAPE TOWN.

(Solly Kathrada. Bel 01491-6419 (Coltonville.))

81.12.23. Hulle stel maar net belang in hulle Oom.
Ek verduidelik aan hulle dat die hele aangeleentheid van hulle besoek aan hulle Oom oorweeg word. Dit is al talle kere afgekeur en sal nie maklik goedgekeur word nie.
Hulle gaan in die Kaap vakansie hou en ~~moet~~ gaan dus nie spesiaal moeite aan om daar te kom nie.

Sodra die antwoord v. VP. en N.I. ontvang word, moet ek dit kry asb.

[signature]
81.12.23.

N.I.D. se antwoord reeds ontvang. VP. s'n nog uitstaande
[signature] Kapt.
81/12/28.

GPS

G.P.-S. (80-81)

GEHEIM
SECRET

G 126 (9)

# MEMORANDUM

Leêr/File No. 1848

→ AK Veiligheid ... 82/11/05

MINISTERIE VAN JUSTISIE
1982 -11- 02
MINISTRY OF JUSTICE

Insake / Re: AANSOEK OM BESOEK : ZOHRA EN ENVER KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED KATHRADA : ROBBENEILAND

DIE DIREKTEUR-GENERAAL / MINISTER

1. Mevrou Zohra Kathrada het 'n versoek aan Sy Edele die Eerste Minister gerig om Sekerheidsgevangene Ahmed Kathrada te besoek. (1982.08.16)

2. Hierdie aansoek is na Sy Edele die Minister van Justisie verwys vir 'n beslissing, wat nou 'n voor= legging en konsepskrywe van hierdie kantoor ver= lang. (1982.08.26)

3. Mevrou Zohra Kathrada het by verskillende geleent= hede in die verlede aansoeke gerig waarin sy ver= soek het dat goedkeuring aan haar en haar man, Enver Kathrada, verleen moes word om Sekerheids= gevangene Ahmed Kathrada te Robbeneiland te besoek. Telkens was die versoeke afgekeur en wel om grondige redes soos onder andere verskaf deur die Veiligheids= tak van die Suid-Afrikaanse Polisie.

4. Op 5 Junie 1976 rig die prokureursfirma Gumede en Phyllis Naidoo 'n skrywe aan die Bevelvoerende Offisier te Robbeneiland waarin hy aansoek doen dat mevrou Zohra Kathrada gevangene Ahmed Kathrada mag besoek. (1976.06.05) Kommentaar in dié ver= band was van die Suid-Afrikaanse Polisie se Veiligheidstak ingewin, wie aangedui het dat Zohra Kathrada as tussenganger tussen Ahmed Kathrada en

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
1982 -09- 13
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

2/......

GEHEIM
SECRET

1950

linksgesindes en uitgeweke Kommuniste optree. Op grond hiervan is haar aansoek in 1976 afgekeur. (1976.06.16)

5. Op 16 September 1976 doen die bogenoemde Prokureurs=firma aansoek dat gevangene Ahmed Kathrada se vier broers en een suster hom in die gevangenis mag be=soek, maar as gevolg van die feit dat sy broers en suster almal betrokke is by sekere verpligtinge rakende die bestuur en beheer van hulle besighede, en Zohra en Enver Kathrada, onder andere die enigste familielede is wat in staat is om hom te besoek, word derhalwe vir hulle toestemming verlang om die gevangene te besoek. (1976.09.16) Hierdie aansoek was ook deur Sy Edele die Minister van Justisie afgekeur. (1976.10.14) Die rede hiervoor was dat die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie besoeke van Zohra en Enver Kathrada aan Ahmed Kathrada ten strengste afkeur weens die feit dat hulle skakeling het met ander linksgesindes in die buitewêreld.

6. Op hierdie stadium het die Bevelvoerende Offisier van Robbeneiland 'n aanbeveling gemaak dat beide meneer Enver Kathrada asook sy eggenote toegelaat moet word om gevangene Ahmed Kathrada te besoek weens die feit dat voorkoming van besoeke deur Zohra Kathrada nie geregverdig kan word nie, as=ook die moontlikheid dat besoeke gestop kan word, sou die voorreg misbruik word. (1980.05.09) Weer eens was besluit dat daar nie aan die voorstel vol=doen kan word nie. (1980.06.18)

3/.......

7. 'n Verdere poging in die verband was aangewend en wel deur die I.K.R.K. toe meneer De Rougemont tydens 'n besoek aan die Adjunk-Kommissaris Veiligheidsdienste op 30 Junie 1981 'n versoek gerig het dat goedkeuring verleen moet word dat mevrou Zohra Kathrada vir gevangene Ahmed Kathrada mag besoek.

8. Kort hierna, op 1 September 1981, rig mevrou Zohra Kathrada persoonlik 'n skrywe aan hierdie kantoor waarin sy haar en haar man, Enver Kathrada se verbintenis met gevangene Ahmed Kathrada uiteensit en ook melding maak van die feit dat sy namens die familie met Ahmed Kathrada korrespondeer omdat baie van sy briewe verlore raak en om hierdie rede deur haar gekanaliseer word. Korrespondensie vanuit die buiteland word ook via mevrou Zohra Kathrada aan gevangene Ahmed Kathrada gepos. Sy doen dus aansoek vir haar en haar man om gevangene Ahmed Kathrada te besoek gedurende die langnaweek van 10 Oktober 1981. (1981.09.01) Dié poging was ook onsuksesvol. (81.09.01)

9. Ten spyte van al die onsuksesvolle pogings wat al aangewend was om toestemming te verkry ten einde gevangene Ahmed Kathrada te besoek word weer eens 'n poging aangewend en hierdie keer deur mevrou Helen Suzman (LV). (1981.11.21) Op grond van die feit dat die Suid-Afrikaanse Polisie se Veiligheids=tak hierdie besoeke ten strengste afkeur, was goed=keuring geweier. (82.01.08)

10. Na aanleiding van die bogenoemde versoek is die aan=geleentheid in elk geval na die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie asook na Nasionale

4/.......

GEHEIM
SECRET


Intelligensiediens verwys vir kommentaar aangaande mevrou Zohra Kathrada se bedrywighede. Nasionale Intelligensiediens het aangetoon dat hulle oor geen inligting beskik ten opsigte van mevrou Zohra Kathrada se skakeling met kommunistiese uitgewekenes nie, en is dus nie in staat om enige kommentaar op haar aansoek om te besoek, te lewer nie. (1981.12.23)

Die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie huldig steeds die mening dat mevrou Zohra Kathrada as skakel tussen gevangene Ahmed Kathrada en uitge= weke kommuniste en linksgesinde persone optree deur briewe en boodskappe vanaf hierdie uitgewekenes na gevangene Ahmed Kathrada te kanaliseer. Op grond hiervan en ook vanweë die feit dat sy haarself as die persoonlike sekretaresse van Ahmed Kathrada beskou, word die aansoek nie deur die Veiligheidstak van die Suid-Afrikaanse Polisie aanbeveel nie. (1982.01.07)

11. Nog steeds is mevrou Zohra Kathrada nie tevrede met al die beslissings wat in die verlede gegee was nie en het op 16 Augustus 1982 sover gegaan as om persoon= lik 'n aansoek aan Sy Edele die Eerste Minister te rig.

12. Gevangene Ahmed Kathrada dien 'n lewenslange vonnis vir Sabotasie op Robbeneiland uit en is bekend as 'n uitgesproke kommunis wat nie skroom om die doelstel= lings van Kommunisme te bevorder nie.

13. Hy ontvang gereeld besoeke van ander familielede en naasbestaandes, soos blyk uit meegaande teleks wat van Robbeneiland af ontvang is. (CRE 115 82.09.03) Zohra Bibi waarna in die teleks verwys word is nie dieselfde persoon as Zohra, die vrou van Enver Kathrada nie. (CRE 1116 82.09.06)

5/.......

GEHEIM
SECRET

14. In die lig van die bogenoemde asook die feit dat die Suid-Afrikaanse Polisie kontak tussen mevrou Zohra Kathrada en gevangene Ahmed Kathrada, om grondige redes afkeur, word aanbeveel dat:

14.1 hierdie aansoek van mevrou Zohra Kathrada nie goedgekeur word nie; en

14.2 dat mevrou Zohra Kathrada aldus ingelig word.

15. 'n Konsepskrywe in Engels word hierby aangeheg vir u goedkeuring en handtekening.

80/09/09

WNDE KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE Luitenant-generaal
M.C.P. BRINK

DIE MINISTER

Aanbeveling in paragraaf 14.1 ondersteun/~~nie ondersteun~~ nie.

Konsepskrywe goedgekeur/~~afgekeur~~. Jammer, die lêer was ongelukkig in Justisie se brandkamer verlê - vandaar die vertraging.

2.11.82

DIREKTEUR-GENERAAL

AANSOEK OM BESOEK : ZOHRA EN ENVER KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED KATHRADA : ROBBENEILAND

DIE DIREKTEUR-GENERAAL / WAARNEMENDE KOMMISSARIS

Paragraaf 14.1 goedgekeur/afgekeur.

Konsepskrywe goedgekeur/~~afgekeur~~.

MINISTER

1982-11-05

DG. 13/9/82

[illegible]

Die Minister behoort m.i. nie self briewe aan dienshoofde te teken nie. Raadpleeg die P/S egter ingeval die Minister anders voel.

14.9.82

DG.

Die privaatsekr. het aangedui dat SE. die Minister hierdie brief self wil teken.

82.09.21.

DEPARTEMENT VAN JUSTISIE
13 -09- 1982
1229/9
PRETORIA
DEPARTMENT OF JUSTICE

MG 14

[illegible]
[illegible]
[illegible] X276
[illegible]
[illegible]
[illegible]

[illegible] 38581/2

1982 - 11 - 05

Mrs Z Kathrada
P O Box 612
LENASIA
1820

Dear Mrs Kathrada

PERMISSION TO VISIT MR A KATHRADA

In persuance of the Private Secretary's letter of the 26 August 1982 I wish to inform you that I have now had the opportunity to consider your request.

I regret however to inform you that your request for permission for both yourself and your husband to visit Ahmed Kathrada cannot be acceded to.

Yours faithfully

MINISTER OF JUSTICE
H J COETSEE

Bên 1848.


**Nasionale Intelligensiediens – National Intelligence Service**

Telegramadres / Telegraphic Address: NASVEIL PRETORIA
Teleks: / Telex:
Telefoon: / Telephone: 3-9761
Bylyn: / Ext: ............

REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA


GEHEIM


Privaatsak / Private Bag X 87
PRETORIA


OFFICE OF THE COMMISSIONER OF PRISONS
1981-12-23
KANTOOR, KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

Verw/Ref: NI/N51/99009

23 Desember 1981

Die Kommissaris van Gevangenisse
Privaatsak X 136
PRETORIA

Z.E. KATHRADA : BESOEK AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED M. KATHRADA

1. U skrywe met verwysing 1848 gedateer 11 Desember 1981 verwys.

2. Hierdie Diens het geen inligting beskikbaar wat daarop dui dat Z. E. KATHRADA kontak het met kommunistiese uitgewekenes of dat haar bedrywighede 'n bedreiging vir die veiligheid van die staat inhou nie. Weens 'n gebrek aan inligting oor haar bedrywighede is hierdie Diens dus nie in staat om enige kommentaar op haar aansoek te lewer nie.

Kennis geneem. Inligting so aan Brig. Venter oorgedra.
82.12.23. [signature] Lt
81/12/23

[signature]
DIREKTEUR-GENERAAL : NASIONALE INTELLIGENSIEDIENS

GEHEIM

VERTROULIK/CONFIDENTIAL

D. B. 28/12/87

Die Direkteur-generaal
Nasionale Intelligensiediens
Privaatsak X87 1848 1987-12-11
PRETORIA
0001

A/O Le Roux 158

AANSOEK OM TE BESOEK : MEVROU ZOHRA ENVER KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED M KATHRADA : ROBBENEILAND :

1 Na aanleiding van 'n aanbeveling deur die Kaapstadse Veiligheidstak van die S A Polisie is Mevrou Z E Kathrada die afgelope ongeveer vier jaar nie toegelaat om sekerheidsgevangene Kathrada te besoek nie aangesien sy volgens die Veiligheidspolisie kontak het met kommunistiese uitgewekenes.

2 Mevrou Helen Suzman doen tans namens Mevrou Z E Kathrada aansoek om bovermelde sekerheidsgevangene te besoek.

3 U kommentaar op die aansoek sal op prys gestel word.

Kaptein
namens KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE
F J MÜLLER

Brig. Venter verlang besonderhede van besoekers vir die maand Desember. Wie hoeveel reeds goedgekeur. en

kapt. 87-12-23

Hy benodig dit nie meer.

87/12/23

VERTROULIK/CONFIDENTIAL

VERTROULIK/CONFIDENTIAL



# MEMORANDUM

Lêer/File No. 1848

Insake/Re: VISIT TO SECURITY PRISONER A KATHRADA BY ZOHRA KATHRADA :

A C O EXTERNAL SECURITY
A C SECURITY SERVICES
C D C CUSTODIAL SERVICES

81/11/81

1 On 21 November 1981 Mrs H Suzman wrote to the Commissioner of Prisons on behalf of Mrs Zohra Enver Kathrada requesting that permission be given for Mrs Z Kathrada to visit the abovenamed prisoner. (81-11-21)

2 As requested the position in this regard is as follows :

2.1 On 5 June 1976 Phyllis Naidoo, attorney applied on behalf of Mrs Zohra Kathrada to visit; (76-06-05)

2.2 This was referred to the Security Police and they were most adamant that no such visit should be permitted (76-06-16). The visit was consequently refused by the Commanding Officer Robben Island. (76-06-30)

2.3 On 16 September 1976 Phyllis Naidoo made the self same request to the Minister (see page 2 of their letter). (76-09-16)

2.4 This matter was then referred back to the Minister where it was pointed out that the Security Police were much against such visits. The Minister concurred, and the visits were not allowed (76-10-13)(76-10-14).

VERTROULIK/CONFIDENTIAL

2.5 On 23 March 1980 prisoner Kathrada made application to the Commanding Officer, Robben Island for permission to be granted to Mrs Z Kathrada to visit.

2.6 This matter was resubmitted to the A C O per memo 1848 date 3 June 1980, and again, inview of Police objection, refused. (80-06-03)

2.7 On 30 June 1981 Mr De Rougemont approached Brigadier venter, on behalf of Mrs Kathrada for consideration of permission to visit. He was informed that this would be difficult but that she could make application to this office. (81-07-01)

2.8 Mrs Z Kathrada then submitted a written request, together with copies of all previous correspondence in this matter on 1 September 1981. The matter was again submitted per memo 1848 dated 22 September 1981 and again permission was refused. (81-09-22)

3 Four previous attempts by this person to visit prisoner Kathrada, without success. A fifth attempt is now being made by Mrs Suzman on behalf of Mrs Z Kathrada.

4 It is once again strongly recommended that in view of strong Police objection that the request be rejected and Mrs Suzman informed accordingly.

5 A draft reply is attached for your approval and signature.

Lieutenant-Colonel

S A O EXTERNAL SECURITY

N D M INGRAM

date : 25/11/81

1848 1982-01-08

Mrs H Suzman, MP
49 Melville Road
Hyde Park
SANDTON, TVL
2199

Dear Mrs Suzman

With reference to your letter dated 21st November 1981 as well as my evenly numbered letter dated 9th December 1981 I have to inform you that permission cannot be granted for Mrs Kathrada to visit Mr Ahmed Kathrada on Robben Island.

Yours faithfully

Get. J F Otto
J F OTTO Commissioner of Prisons
1982.01.11.

PARLIAMENT OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

HOUSE OF ASSEMBLY

CAPE TOWN.

OFFICE OF THE COMMISSIONER OF PRISONS
1982 -02- 01
PRETORIA
KANTOOR, KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

19th January 1982

General J.F. Otto,
Commissioner of Prisons,
Private Bag X136,
Pretoria
0001

Dear General Otto,,

This is to acknowledge receipt of your letter dated 8th January 1982, your reference 1848.

I regret that you are not prepared to allow Mrs. Kathrada to visit her uncle by marriage.

Yours faithfully,

Helen Suzman

Helen Suzman, M.P.

OFFICE OF THE COMMISSIONER OF PRISONS
CAPE TOWN
28 JAN 1982
KAAPSTAD
KANTOOR, KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE

A 80 50994.

GEHEIM
SECRET

G.P.-S. G 126

# MEMORANDUM

Lêer/File No. 1848

82.01.12.

Insake / Re: AANSOEK OM TE BESOEK: MEVROU Z E KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE: AHMED M KATHRADA : ROBBENEILAND

~~S A O EKSTERNE VEILIGHEID~~ Kapt. 82/01/11
A B O EKSTERNE VEILIGHEID
A K VEILIGHEIDSDIENSTE 82/01/12
H A K VEILIGE BEWAKINGSDIENSTE Brief onderteken. 82/01/12.
KOMMISSARIS

1 Mevrou Helen Suzman het op 21 November 1981 'n brief aan die Kommissaris gerig waarin daar namens mevrou Zohra Enver Kathrada aansoek gedoen word om sekerheidsgevangene Ahmed Kathrada op Robbeneiland te besoek. (1981-11-21)
Mevrou Kathrada is die eggenote van gevangene A Kathrada se neef.

2 Besoeke deur mevrou Z Kathrada aan vermelde gevangene word sedert 1976 op aanbeveling van die Kaapstadse Veiligheidstak van die S A Polisie nie toegelaat nie.

3 In opdrag van die AK Veiligheidsdienste is Mevrou Suzman se aansoek na (deur) Nasionale Intelligensiediens en die Veiligheidspolisie verwys vir kommentaar.

4 Beide instansies het tans gereageer en wel as volg:

4.1 Nasionale Intelligensiediens beskik oor geen inligting wat daarop dui dat mevrou Z E Kathrada kontak het met kommunistiese uitgewekenes of dat haar bedrywighede 'n bedreiging vir die veiligheid van die staat inhou nie. Geen kommentaar word dus oor die aansoek gelewer nie. (1981-12-23)

2/....

GEHEIM
SECRET

GEHEIM
SECRET

4.2 Die Veiligheidstak, SA Polisie dui aan dat mevrou Kathrada wel as skakel tussen Ahmed Kathrada en uitgeweke kommuniste en linksgesinde persone optree deur briewe en boodskappe vanaf hierdie elemente na A M Kathrada te kanaliseer. Sy beskou haarself ook as die persoonlike sekretaresse van A M Kathrada. Die Veiligheidstak keur weereens die besoek af. (1982-01-07)

5 In die lig van bovermelde standpunt word aanbeveel dat die voorgenome besoek nie toegelaat word nie. 'n Konsepskrywe aan mevrou Suzman in die verband word aangeheg.

L le Roux Adjudant-offisier 1982-01-08

L LE ROUX

In die lig van die SAP(V) se inligting en standpunt word aanbeveel dat die besoek nie toegelaat word nie.

[signature] 82.01.11.

GEHEIM
SECRET

Brig Vorster

Bespreek asb.

[signature] 81/11/86.

Brig. Gen. Brink wil die aangeleentheid met u bespreek asb.

[signature] 87/12/03

AHO. [signature]

1. Ek sien ontwerp

2. Voorsp na N.I. en V.P vir kommentaar

NB

[signature] 81/12/10

[signature] 81.12.07.

AHO Le Roux.

~~Kapt. [illegible]~~

1 + 2 asb.

[signature] 87/12/07

1. (1) is reeds afgehandel [signature] Kapt. 87/12/08

2. Aksie, aandag aan (2)

1848

1981 -12- 02

Mrs H Suzman MP
49 Melville Road
Hyde Park
SANDTON, TVL
2199

Dear Mrs Suzman

Receipt of your letter dated 21 November 1981, directed to the Commissioner, is acknowledged hereby.

The matter is receiving attention and a further communication will be addressed to you in due course.

Yours faithfully

E A VENTER

Brigadier
for COMMISSIONER OF PRISONS
E A VENTER

A/O. ~~Le Roux.~~ Lt 81/12/10

Kyk opdragte op bl.2.

Kapt
81/12/09

DB 28/12/81

VERTROULIK/CONFIDENTIAL

Die Kommissaris van
die Suid-Afrikaanse Polisie
Privaatsak X302
PRETORIA
0001

1848

1981-12-11

A/O Le Roux

158

AANSOEK OM TE BESOEK : MEVROU ZOHRA ENVER KATHRADA AAN SEKERHEIDSGEVANGENE AHMED M KATHRADA : ROBBENEILAND :

1 Na aanleiding van 'n aanbeveling deur die Kaapstadse Veiligheidstak van die S A Polisie is Mevrou Z E Kathrada die afgelope ongeveer vier jaar nie toegelaat om sekerheidsgevangene Kathrada te besoek nie aangesien sy volgens die Veiligheidspolisie kontak het met kommunistiese uitgewekenes.

2 Mevrou Helen Suzman doen tans namens Mevrou Z E Kathrada aansoek om bovermelde sekerheidsgevangene te besoek.

3 U kommentaar op die aansoek sal op prys gestel word.

Kol. Pietersе (VP) vandag geskakel
Wag nog nie invoer vanaf streek=
kantore
[signature] Kapt.
81/12/28

[signature]
Kaptein
namens KOMMISSARIS VAN GEVANGENISSE
F J MÜLLER

1. Kol. Pieterse (VP) op 81/12/22 geskakel.
2 Hul standpunt is dat hulle die besoek van Z. Kathrada teenstaan
3. Sal skriftelik opvolg.

[signature] Kapt.
81/12/23

VERTROULIK/CONFIDENTIAL